# Les 12 JESUS IS DIE SEUN VAN DAWID éN DIE SEUN VAN GOD

## 1. Verlede keer – Jesus is vandag 'n gewone mens in die Hemel

Verlede keer het ons gesien dat Jesus 'n mens geword het, Hy is as mens gekruisig, Hy het as gewone mens gesterf, Hy het uit die dood opgestaan en is vandag as mens in die Hemel.

## 2. Hoe het Hy in die kamer ingekom?

Verlede keer het ons ook gesien dat Lukas vir ons vertel dat Jesus die Sondagaand, ná Sy begrafnis die Vrydagmiddag, aan Sy dissipels verskyn het en gesê het hulle moet aan Hom voel en vat.

Kyk weer goed na die gedeelte: Lukas 24:36 – 43:

*“[6] Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle!” [37] Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien ’n gees. [38] Hy sê toe vir hulle: “Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? [39] Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! ’n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.” [40] Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. [41] Toe hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: “Het julle hier iets om te eet?” [42] Hulle gee Hom toe ’n stuk gebakte vis. [43] Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet. [44] Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.” [45] Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. [46] Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47] en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’ [48] Julle is getuies van hierdie dinge. [49] En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”*

Lukas sê Jesus het meteens tussen hulle gestaan.

Lees gou Joh. 20 vers 19*:*

*"Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"*

Die deure was gesluit. Die huise van die Jode het nie vensters soos ons huise gehad nie.

Hoe het Jesus daar ingekom?

Onthou, Hy is nie 'n spook of 'n engel nie. Hy is 'n mens van vleis en bloed. Hulle voel en vat aan Hom. Jesus het ook nie gedematerialiseer soos mense in Star Trek nie, dis sommer 'n storie.

## 3. Jesus is heeltemal 'n ander tipe persoon as ons

Nie een van ons kan in 'n kamer inkom as die deure toegesluit is en daar is nie vensters nie. Jesus kon. Wie is Hy dat Hy so iets kon doen?

## 4. Hy is ook God die Vader se Seun

Paulus leer dit so. Kyk weer na Gal. 4:4:

*"Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore..."*

Verlede keer het ons gesien dat Jesus 'n agter-agterkleinkind van Abraham was. Hier word gesê dat Jesus God die Vader se Seun is.

Jesus het twee vaders gehad!

Dit is ook nie toevallig nie. Dit is iets wat God al aan Dawid beloof het. Kom ons kyk gou na hierdie belofte wat die Here aan Dawid, ook 'n agterkleinkind van Abraham, gemaak het. Hierdie belofte kry ons in die Ou Testament in 2 Samuel 7, so ongeveer op bl. 331.

Lees verse 12 tot 17: *"12 Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. 13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. 14 Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. 15 Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. 16 Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan." 17 Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra."*

Die Here beloof dat een van Dawid se seuns koning sal wees en dat sy koningskap vir altyd sal aanhou.

Kom ons kyk wie sal hierdie kind se pa's wees – vers 12: *" Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak,...."*

Wie is hierdie seun se pa volgens hierdie vers? Dit is Dawid!

Lees nou vers 14: *"EK sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees."*

Wie is hierdie kind se Vader volgens hierdie vers? God sélf. Kyk nou hoe vreemd! Hierdie belofte noem ons die Dawidsbelofte. Hier belowe God dat een van Dawid se eie kleinkinders 'n koning sal wees wat vir altyd regeer. Maar al is hy Dawid se eie seun, sal Hy ook Seun van God die Vader wees.

Hierdie koning sal twee Vaders hê: Dawid en God!

Lees nou weer Gal. 3:16: *"God het Sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "nakomelinge", meer as een, nie, maar "en aan jou nakomeling", net een; en hierdie nakomeling is Christus."*

Wie is die kleinkind van Dawid, sy nakomeling, wat ook Abraham se nakomeling is? Dit is Christus Jesus. Wie is die kleinkind se Vader? Volgens die belofte is hy 'n kind van Dawid, en ook die seun van God.

Jesus het twee Vaders. Hy is die koning wat God beloof het sou kom en vir altyd sou kom koning wees.

## 5. Die naam "Christus" sê dit alles!

### Jesus

Jesus is Sy "doopnaam". Hoeveel name het Jesus gehad? 'n Hele paar. Hy het nie 'n van gehad nie. Want voor Napoleon Bonaparte en die Franse Rewolusie, sommer nou die dag in die 18de eeu ná Christus, het mense nie vanne gehad nie. Hulle het net name gehad.

Jesus se "doopnaam" wat Hy tydens sy besnydenis gekry het, was "Jesus". Hierdie naam leer ons Hy was 'n mens net soos ons. Hy is as baba gebore, en het geleef en gesterf as mens. Hy is uit die dood opgewek, en leef nog steeds vandag as 'n gewone mens in die Hemel. Die naam Jesus herinner ons altyd daaraan dat Hy 'n mens is.

### Seun van God

"Seun van God" is Sy van. In Joodse families was daar nie vanne nie. Daarom is 'n seun altyd aan sy pa verbind. Hulle het gepraat van "Johannes, die seun van Sebedeus". Hierdie verbintenis aan die pa, "seun van", was die Joodse manier van vanne gee. Nêrens noem die Bybel Jesus "die seun van Josef" nie. Josef was nie Jesus se pa nie. Hy word altyd "die Seun van God" genoem. Dit is baie belangrik. Al is Jesus 'n gewone mens net soos ons, is Hy 'n ander persoon as ons. Hy is nie die seun van 'n gewone pa, soos ons nie. Hy is God se eie seun. Daarom praat die Bybel altyd van Jesus as "die seun van God", nooit as die seun van Josef nie.

Dit kan ons maklik onthou: Jesus se doopnaam was "Jesus" en Sy van was "Seun van God”.

### Christus

Die woord "Christus" is nie 'n naam óf 'n van nie. Ons dink baiekeer dit is een van Jesus se name. Maar dit is omdat ons nie Grieks of Hebreeus verstaan nie. “Christus” is die Griekse woord vir die Hebreeuse woord: "Messias", wat in Afrikaans beteken: “Gesalfde”. Hierdie woord beskryf wat Jesus as persoon is.

Wat is 'n "persoon"? Ons noem 'n onderwyser nie op sy doopnaam of van nie. Ons noem hom altyd "Meneer". Ons doen dit ook met die predikant. Ons noem hom nie op sy naam of van nie. Ons noem hom: "Dominee". Ons ouers noem ons ook nie op hulle name of vanne nie. Ons spreek hulle aan as: "Pa" of "Ma".

Die woord “Christus” is net so ʼn woord. Dit is nie Jesus se doopnaam of van nie. Dit is die manier waarop ons Hom aanspreek. Dit wys vir ons watse tipe persoon is Jesus.

Onderwysers, predikante en ouers is net sulke mense soos julle as kinders. Hulle is nie as mense anders as julle nie. Maar as persóne verskil hulle baie van julle. 'n Onderwyser is een wat kinders leer. Al is hy ook 'n mens net soos julle, is hy as persoon heeltemal iets anders. Kinders is nie onderwysers nie. Dieselfde met 'n dominee. Hy is net so ʼn mens soos al die ander lidmate. Maar as persoon beklee hy 'n ander rol as enige ander lidmaat.

Hy is die een wat God se Woord bedien. Net so met ouers, hulle is net soos julle mens, maar as persoon is hulle uniek. Hulle moet jou pa en ma wees. Nét hulle kan dit vir jou wees. Geen ander grootmens kan vir jou jou eie pa of ma wees nie. Al is hulle ook net sulke grootmense soos al die ander grootmense.

Jesus is as persoon nie 'n onderwyser, 'n dominee of pa nie. Hy is die "Christus". Dit beteken, die een wat gesalf is om God se seun én Dawid se seun te wees. Die woord "Christus" sê altyd vir ons watse tipe persoon Jesus is. Hy is die een wat gesalf is om 'n gewone mens te wees, en terselfdertyd ook God se eie Seun te wees, nie Josef s'n nie.

Daar is net één so ʼn persoon in die hele skepping! Net soos wat daar net twee mense in die hele wêreld kan wees wat jou eie pa en ma is, net so is daar net een persoon wat 'n gewone mens kan wees, en terselfdertyd God se eie seun kan wees. Dit is die Christus.

Gal.3:16: "[16] *God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus."*

Die persoon wat Christus is – is Jesus, die Seun van God.

## **6. Jesus is die Seun van God van altyd af**

### (2016) jaar al Dawid se seun

Van wanneer af is jy jou pa se kind? Van die dag wanneer jy gebore is. Van wanneer af was Jesus die seun van Dawid, gebore uit Maria, die agter-agterkleinkind van Dawid? Dit is baie maklik om te onthou! In watter jaar leef ons vandag? Ons leef in die jaar (2016).

Waar dink julle kry ons hierdie getal, (2016), of jou geboortejaar vandaan? Ons kry dit van die geboortedag van Jesus af. Ons jaartal begin met die geboorte van Jesus. (2016) is die aantal jare hoe oud Jesus as mens vandag in die Hemel is. Jesus is (2016) jaar gelede gebore as Dawid se seun, en Hy is vandag (2016) jaar oud.

### Van altyd af Seun van God

Kom ons kyk weer na Gal. 4:4: *" Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore..."*

Hier word iets vreemds oor Jesus aan ons vertel. Voordat Hy gebore is, het God die Vader Hom al gestuur.

Dit is baie anders as met ons. Kon julle pa julle al iewers heen stuur voordat julle gebore is? Maar hier word gesê dat God die Vader Sy Seun gestuur het vóór Hy as 'n baba gebore is.

'n Mens kan nie voor sy geboorte al bestaan nie. Die Here maak ons met liggaam en siel as babas, en voor dit was ons nie iets gewees nie. Maar Jesus was al iets as persoon voor Hy gebore is.

Kom ons lees die laaste gedeelte vir vandag – Kolossense 1:15 tot 20:

*"[15] Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16] God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17] Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18] Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19] God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon [20] en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."*

Kyk weer na vers 17! Van wanneer af is Jesus die Seun van God?

Jesus was volgens hierdie vers, van altyd af daar gewees. Die vers sê dit tog duidelik dat Jesus al daar was voor alles daar was.

Hierdie "alles" verwys na Genesis 1. Voor die Hemel en aarde gemaak is, voor enige sonnestelsel, voor daar iets soos water en gasse was waaruit alle lewe ontstaan het, voor enige boom, vis en dier nog ooit bestaan het, was Jesus al daar as persoon.

As Seun van God, was Jesus van altyd af daar gewees. Hy was vóór die skepping van enigiets, as Seun van God daar, al is Hy eers (2016) jaar gelede gebore en vandag maar eers as mens (2016) jaar oud in die Hemel.

Dink 'n bietjie wat beteken dit! Ons weet dat die lewe op die aarde al meer as 4000 miljoen jaar oud is. Jesus is vandag as mens (2016) jaar oud. Maar 4000 miljoen jaar gelede, dit is 3999 miljoen en (997,984) jaar voor Jesus se geboorte uit Maria, was Hy alrééds die Seun van God. En voor daar nog enige lewe was 4000 miljoen jaar gelede, was Hy ook al van ewigheid af die Seun van God.

Hoe kan 'n persoon vir 4000 miljoen jaar al saam met alles wat leef, bestaan, terwyl ons weet Hy was nie eers 'n engel, 'n gees of 'n spook nie?

Wie is hierdie persoon wat van ewig af al bestaan, wat die Seun van God genoem word?

Ons weet dat Hy van Sy geboorte af 'n gewone mens is, en vandag al (2016) jaar oud is as mens in die Hemel. Maar wie en wat was Jesus vóór Sy geboorte tydens die 4000 miljoen jaar van lewe op die aarde en vóór dit nog, al die eeue vanaf die ewigheid voor daar nog enigiets bestaan het – vanaf al die sonnestelsels tot en met die kleinste atoom en molekule?

Lees Kolossense 1 verse 15 tot 20 vir volgende keer en dink 'n bietjie oor Jesus. Wie en wat was Hy al hierdie eeue voor Sy geboorte?

Sommer so om te onthou: Wie is die oudste lewende mens wat jy vandag ken? Dit is Jesus. Hy is al (2016) jaar oud as mens, vandag in die Hemel!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog